

Om self te maak



FLEURIGE BÊREPLEK

BENODIGHDE: Anchor katoenstringgare: 8 stringe naaswit; 2 stringe groen; 1 string elk roospienk en ligpienk; 3 m satynlint (3 mm breed); 20 cm enkeldraad-tapisseriegaas, 18 werkdrade (17 openinge) per 2,5 cm (68 cm breed); 35 x 25 cm bypassende stof vir ruglaag van artikels; 20 x 20 cm stuk bypassende voeringstof vir brilhuisie; 14 x 7 cm stuk bypassende villt vir naaldehulsel; 2 m bypassende koord vir alle artikels; kapokopstoppel vir speldekussing; 18 x 9 cm stuk stywe karton vir naaldehulsel; tapisserienaald nr. 20 vir 6 drade en nr. 24 vir 2 drade.

AANWYSINGS: Gebruik 6 drade katoen vir tentsteek en 2 drade vir kruissteek. Sny uit gaas twee stukke van 20 x 20 cm vir speldekussing en naaldehulsel en 1 stuk van 28 x 20 cm vir brilhuisie. Merk die middel van elke stuk gaas in die lengte en die breedte met 'n ry rygsteke. Diagram 1 verbeeld twee volledige motiewe en die middel word aangedui deur swart pyle wat met die rygsteke moet ooreenstem. Elke agtergrondvierkant op diagram 1 stel 'n kruispunt van gaasdrade voor. Die borduurwerk word gedoen voor die lint vasgeheg word. Die uitlegdiagramme verskaf die volledige ontwerp vir speldekussing, naaldehulsel en brilhuisie – die skadugedeeltes stel die gedeelte wat in diagram 1 aangedui word voor, die stippellyne dui die middel aan wat ook met die rygsteke moet ooreenstem.

SPELDEKUSSING: Begin die ontwerp in die middel, deur diagram 1 en die sleutel tot die diagram te volg, en werk die gegewe gedeelte. Om die ontwerp te voltooi, herhaal die motiewe deur die uitlegdiagram te volg, en laat tussen elke motief twee gaasdrade vir die lint.

By voltooiing van die borduurwerk, sny 6 stukke lint van 12 cm lank. Plaas linte in die spasies wat tussen die motiewe gelaat is en werk by elke kruispunt 'n kruissteek oor die lint en deur die gaas (2 x 2 gaasdrade). Om af te werk, knip gaas en linte tot binne 1 cm van borduurwerk. Sny uit ruglaagstof 'n stuk van dieself-

de grootte en plaas teen borduurwerk, regte kante teenmekaar, rafelrande gelyk en werk ryg- en stiksteke op drie kante naby aan borduurwerk. Draai na regte kant om, stop stewig met kapok, slaan oop rande in en werk met glipsteke in posisie. Sny 'n stuk van koord en werk rondom rand in posisie.

NAALDEHULSEL: Borduurwerk soos vir speldekussing aangedui is. Om af te werk, knip gaas tot binne 1 cm van borduurwerk. Sny drie stukke van dieselfde grootte uit ruglaagstof. Plaas een stuk van ruglaagstof teen borduurwerk, regte kante teenmekaar, en werk ryg- en stiksteke op drie kante naby aan borduurwerk. Knip nate reg en draai om na regte kant. Sny 'n stuk karton vir versterking, sit dit tussen gaas en ruglaagstof, slaan oop rande in en werk met glipsteke in posisie. Voltooi oorblywende ruglaagstof-stukke op dieselfde manier, deur 1-cm some in te neem en karton tussenin te sit. Doen afrandings van villt met behulp van 'n tandskêr. Vou plat in die helfte, plaas in die middel teen agterkant en werk gevoude rand op linkerkant in

posisie. Plaas voor- en agterkant van hulsel met verkeerde kante teenmekaar en werk aan linkerkant met visgraatsteek (gebruik 3 drade gare) aanmekaar. Sny 'n stuk koord en werk rondom agter- en voorkant van hulsel in posisie sodat daar 2 punte van ongeveer 16 cm oor is. Knoop dit netjies in 'n strik.

BRILHUISIE: Begin die ontwerp in die middel, deur diagram 1 en die sleutel tot die diagram te volg, en werk die gegewe gedeelte. Om die ontwerp te voltooi, herhaal die motiewe deur die uitlegdiagram te volg, en laat tussen elke motief twee gaasdrade vir die lint. By voltooiing van die borduurwerk, sny 7 stukke lint van 12 cm lank en 3 stukke van 20 cm lank. Plaas linte in die spasies wat tussen die motiewe gelaat is en werk by elke kruispunt 'n kruissteek (kyk vashegting van linte aan speldekussing). Om af te werk, knip gaas en linte tot binne 1 cm van borduurwerk. Sny een stuk van dieselfde grootte uit oorblywende ruglaagstof en 2 stukke uit voeringstof. Plaas ruglaagstof en borduurwerk

met regte kante teenmekaar, rafelrande gelyk, en werk met ryg- en stiksteke en laat een kort kant oop. Keer na regte kant om. Werk voering op dieselfde manier af. **Moenie** na regte kant toe omkeer nie. Sit voering binne-in brilhuisie, vou naattoelating van alle oop rande in en werk in posisie. Werk oorblywende koord rondom kante en oop rande in posisie.

Diagram 2(a) en 2(b): Tentsteek

Die rye word van regs na links en omgekeerd gewerk. **Figuur (a):** Bring die draad by die regterkant uit, werk 'n steek diagonaal na bo oor 1 gaasdraad-interseksie, steek die naald diagonaal afwaarts agter 1 horisontale en 2 vertikale gaasdrade verby en bring deur in gereedheid vir die volgende steek. **Figuur (b):** Die tweede ry word van links na regs gewerk, die rigting van die steke is dieselfde as dié van die vorige ry maar die naald word diagonaal na bo deurgesteek. Alle steke moet in dieselfde rigtings skuins lê. Die steke aan die keersy is langer en lê meer skuins as aan die regte kant.

Diagram 3: Kruissteek

Bring die naald by die onderste regterkant van lint-interseksie deur en steek by die boonste linkerkant in, om 'n halwe kruis te vorm. Om die kruis te voltooi, bring die naald weer by die onderste linkerkant deur en steek by die boonste regterkant in. Die boonste helfte van al die kruisies moet deurgaans in dieselfde rigting lê.

Diagram 4: Visgraatsteek:

Bring die naald op die onderste lyn aan die linkerkant uit, steek dit op die boonste lyn 'n bietjie na regs in en maak 'n klein stekie na links met die gare onder die naald. Steek daarna die naald 'n bietjie na regs op die onderste lyn in en maak 'n klein stekie na links met die gare onder die naald. Steek dan die naald 'n bietjie na regs op die onderste lyn in en maak 'n klein stekie na links met die gare bo die naald. Hierdie twee bewegings word deurgaans herhaal. Vir die beste effek moet die stof wat deur die naald gelig word en die spatie tussen die steke dieselfde grootte wees.

